BORRELS

BORRELS
Hierdie is nou nie iets om te eet of te drink maar vir al die lede met kindertjies!
BLINK BORRELS:- Borrels blaas is groot pret vir kleingoed, maak dit sommer self met een van die resepte:

MOOI BORRELS:-
1 koppie water /
2 eetlepels gliserien /
4 eetlepels skottelgoedwasseep.
Meng alles stadig en liggies saam sodat dit nie skuim nie.

REUSAGTIGE BORRELS:-
6 koppies water /
1/2 koppie mielieblom /
1/2 koppie opwasmiddel /
1 eetlepel bakpoeier /
1 eetlepel gliserien.
Giet die water in ‘n vlak bak. Los die mielieblom daarin op. Roer die orige bestanddele liggies by. Werk liggies sodat jy nie skuim maak nie. Laat dit ‘n uur staan en roer weer versigtig. Dit is in die haak as daar bietjie mielieblom onder in die bak bly le. Hierdie mengsel werk goed as jy baie groot borrels wil blaas.

WENK:- Voeg n paar druppels voedselkleursel by die borrelmengsel.
(Oppas die borrels kan ‘n teelvloer of stoep baie glad maak)

Ingestuur deur – Hanlie Schneigansz